FirstRand - Afr 9/13/07 9:36 PM Page 1 (1,1)

Proof 1 Bus Day and Beeld on the 14/09/07
Irshaad Paruk 011 282 8021 083 411 2257 size 54x14
irshaad.paruk@rmb.co.za Spell Check MP

FirstRand Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1966/010753/06)
ISIN: ZAE000066304
Aandelekode (JSE): FSR
Aandelekode (NSX): FST
("FirstRand")

Discovery Holdings Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1999/007789/06)
ISIN: ZAE000022331
Aandelekode (JSE): DSY
("Discovery")

RMB Holdings Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1987/005115/06)
ISIN: ZAE000024501
Aandelekode (JSE): RMH
("RMBH")

Remgro Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
ISIN: ZAE000026480
Aandelekode (JSE): REM
("Remgro")

Aankondiging van volledige bepalings aangaande die:

- voorgestelde verkoop deur FirstRand van, in totaal, 21.6 miljoen Discovery-aandele aan sekere lede van Discovery se senior bestuur, die Discovery-aandeletrust en RMBH vir 'n totale teenprestasie van R577.4 miljoen;
- voorgestelde ontbondeling deur FirstRand van sy oorblywende Discovery-aandele (53.44% van Discovery);
- voorgestelde verkryging deur RMBH van, in totaal, 'n verdere 49.7 miljoen Discovery-aandele van Remgro en die FirstRand-aandeletrusts vir personeel vir 'n totale teenprestasie van R1,330.5 miljoen wat in kontant vereffen sal word en die uitreiking van nuwe RMBH gewone aandele; en
- terugtrekking van FirstRand se omsigtigheidsaankondiging.

1. Inleiding

Met verwysing na die gesamentlike aankondiging en FirstRand se omsigtigheidsaankondiging wat op 4 September 2007 op SENS en op 5 September 2007 in die pers gepubliseer is, kondig die direksies van FirstRand, Discovery, RMBH en Remgro graag die volledige bepalings aan van die voorgestelde:

– verkoop deur FirstRand van, in totaal, 21 569 301 Discovery gewone aandele ("Discovery-aandele") aan Adrian Gore (Hoof-uitvoerende beampte van Discovery), Barry Swartzberg (Uitvoerende direkteur van Discovery) en sekere lede van Discovery se senior bestuur ("Discovery se senior bestuur"), die Discovery Holdings Beperk Aandeletrust ("Discovery-aandeletrust") en RMBH ("die FirstRand-verkope") vir 'n totale kontantteenprestasie van R577.4 miljoen;

– ontbondeling deur FirstRand van sy 316 357 377 Discovery-aandele, wat na die FirstRand-verkope oorbly (53.44% van die totale uitgereikte aandelekapitaal van Discovery), aan FirstRand gewone aandeelhouers ("FirstRand-aandeelhouers") ("die ontbondeling"); en

– verkryging deur RMBH, ingevolge die ontbondeling van, in totaal, 49 700 040 Discovery-aandele van Remgro en die FirstRand Trust vir Swart Werknemers, die FirstRand Trust vir Personeelbystand, die FirstRand Trust vir Swart Nie-uitvoerende Beamptes en die FirstRand Beperk Personeeltrust ("die FirstRand-personeeltrusts") vir 'n totale teenprestasie van R1,330.5 miljoen wat in kontant vereffen sal word en die uitreiking van nuwe RMBH gewone aandele ("RMBH-transaksies").

(gesamentlik "die voorgestelde transaksies").

Die voorgestelde transaksies sal effektief word met nakoming of tersydestelling, na gelang van die geval, van die laaste opskortende voorwaarde.

2. Besonderhede van die voorgestelde transaksies

2.1 Die FirstRand-verkope

2.1.1 Beweegrede vir die FirstRand-verkope

FirstRand het 'n aanspreeklikheid ter waarde van ongeveer R553 miljoen geskep ten einde sy regte uit te oefen en bykomende Discovery-aandele te verkry ten tye van die Discovery-terugvorderingsaanbod in 2003 ("die aanspreeklikheid"). FirstRand sal, voor die ontbondeling, in totaal, 21 569 301 Discovery-aandele aan Discovery se senior bestuur, die Discovery-aandeletrust en RMBH verkoop wat daartoe sal lei dat die netto kontantopbrengs van die FirstRand-verkope die aanspreeklikheid sal ewenaar. Die FirstRand-verkope is ingevolge 'n bestaande voorkoopsreg.

Die verkryging van Discovery-aandele deur Discovery se senior bestuur en die Discovery-aandeletrust verhoog Discovery se senior bestuur en Discovery-personeel se eienaarskap van Discovery verder en versterk die bestaande "eienaar bestuurde" kultuur van Discovery.

2.3 Besonderhede van die RMBH-transaksies

2.3.1 Beweegrede vir die RMBH-transaksies

RMBH, 'n 30.07%-aandeelhouer in FirstRand, glo in die strategiese en waardeproposisie van Discovery en sou gevolglik graag sy aandeelhouding in Discovery tot 25.01% wil verhoog. Die ontbondeling bied RMBH die geleentheid om sy aandeelhouding in Discovery effektief te verhoog om hierdie doelwit te bereik.

2.3.2 Besonderhede van die RMBH-transaksies

RMBH sal, ingevolge die FirstRand-verkope, 3 209 301 Discovery-aandele verkry, wat gelyk is aan 0.54% van Discovery. Daarbenewens sal RMBH 95 138 974 Discovery-aandele ingevolge die ontbondeling ontvang. RMBH sal onmiddellik na die ontbondeling 'n 16.6%-aandeelhouding in Discovery hê.

RMBH het 'n ooreenkoms met die trustees van die FirstRand-personeeltrusts aangegaan om, onderhewig aan die nakoming of tersydestelling, na gelang van die geval, van die opskortende voorwaardes uiteengesit in paragraaf 3.2 hieronder, die Discovery-aandele te verkry wat die FirstRand-personeeltrusts ingevolge die ontbondeling ontvang. Ingevolge hierdie ooreenkoms, sal RMBH 22 691 417 Discovery-aandele vir 'n totale teenprestasie van R607.5 miljoen verkry, teen die verkrygingsprys van R26.77 per Discovery-aandeel. RMBH sal derhalwe 'n 20.45% aandeelhouding in Discovery hê na die ontbondeling en die verkryging van die Discovery-aandele van die FirstRand-personeeltrusts.

RMBH het, ingevolge 'n afsonderlike ooreenkoms met Remgro, ingestem om die 27 008 623 Discovery-aandele wat Remgro (deur 'n filiaal) ingevolge die ontbondeling sal ontvang vir 'n totale teenprestasie van R723.0 miljoen te verkry, gebaseer op die verkrygingsprys van R26.77 sper Discovery-aandeel. RMBH sal die totale teenprestasie vereffen deur 21 302 912 nuwe RMBH gewone aandele ("RMBH-aandele") aan Remgro (of 'n filiaal aangewys deur Remgro) uit te reik teen 'n prys van R33.94 per RMBH-aandeel, wat die 10-dae historiese VGGP van die RMBH-aandele is wat tot en met sakesluiting op 10 September 2007, op die JSE verhandel is. RMBH sal na die FirstRand-ontbondeling en die RMBH-transaksies 25.01% van die totale uitgereikte aandelekapitaal van Discovery hou.

2.4 Klein verwantepartytransaksies

Ingevolge die JSE se Noteringsvereistes ("noteringsvereistes"):

– sal die verkryging van Discovery-aandele deur Adrian Gore en Barry Swartzberg van FirstRand, ingevolge die FirstRand-verkope, as 'n klein verwantepartytransaksie vir FirstRand gekategoriseer word;

– sal die verkryging van Discovery-aandele deur die Discovery-aandeletrust van FirstRand ingevolge die FirstRand-verkope as 'n klein

	Ongeouditeerde onaangepaste FirstRand voor die voorgestelde transaksies (sent)	Ongeouditeerde aangepaste FirstRand *pro forma* na die voorgestelde transaksies (sent)	Ver-andering (%)
Verdienste per gewone aandeel	103.8	106.2	2.3
Volverwaterde verdienste per gewone aandeel	100.8	103.1	2.3
Wesensverdienste per gewone aandeel	88.2	84.1	(4.6)
Volverwaterde wesensverdienste per gewone aandeel	85.6	81.7	(4.6)
Genormaliseerde verdienste per gewone aandeel	98.3	94.7	(3.6)
Volverwaterde genormaliseerde verdienste per gewone aandeel	98.2	94.6	(3.6)
Netto batewaarde per gewone aandeel	743.7	693.3	(6.8)
Netto tasbare batewaarde per gewone aandeel	661.1	612.1	(7.4)

Aantekeninge:

1. Die *pro forma* finansiële uitwerking is gebaseer op ongeouditeerde tussentydse finansiële resultate van FirstRand vir die ses maande geëindig 31 Desember 2006. Die finansiële impak op die verdienste van FirstRand word geïllustreer asof die voorgestelde transaksies aan die begin van die 2007 finansiële jaar voltooi is, terwyl die impak op die netto bates van FirstRand aangetoon word asof die voorgestelde transaksie op 31 Desember 2006 geïmplementeer is.
2. Die ontbondeling sal geïmplementeer word in navolging van artikel 90 van die Maatskappywet, 1973 en ingevolge artikel 46 van die Inkomstebelastingwet, 1962.
3. Die volgende algemene veronderstellings is gebruik in die berekening van beide FirstRand- en RMBH-finansiële uitwerking:
   3.1 'n inkomstebelastingkoers van 29%;
   3.2 'n kapitaalwinsbelastingkoers van 14.5%; en
   3.3 'n oornag-Jibokkoers van 9.6% NACM.
4. Ingevolge die FirstRand-verkope, sal 21.6 miljoen Discovery-aandele deur FirstRand verkoop word teen 'n prys van R26.77 per Discovery-aandeel. 'n Toelating vir kapitaalwinsbelasting is by die berekeninge ingesluit.
5. Die netto opbrengs ontvang uit die FirstRand-verkoop word veronderstel om belê te wees teen JIBOK.
6. As gevolg van die ontbondeling sal Discovery se bates en aanspreeklikhede, tesame met FirstRand se effektiewe proporsionele deel van die naverkrygingsreserwes, uitgeskakel word.
7. Die finansiële uitwerking wat hierbo uiteengesit is, is opgestel gebaseer op IFRS en interpretasies van IFRS van toepassing op 30 Junie 2007. Daar moet op gelet word dat IFRS steeds ontwikkel deur die uitreiking en/of endossement van nuwe Standaarde en Interpretasies en ontwikkelings in die toepassing van onlangs uitgereikte Standaarde. Om daardie rede is dit moontlik dat die finansiële impak en aanpassings wat hierbo aangegee word, kan verander voor die aanbieding van FirstRand Limited se resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2008.

Die verkryging van Discovery-aandele deur Discovery se senior bestuur en die Discovery-aandeletrust verhoog Discovery se senior bestuur en Discovery-personeel se eienaarskap van Discovery verder en versterk die bestaande "eienaar-bestuurde" kultuur van Discovery.

Die beweegrede vir die verkryging van Discovery-aandele deur RMBH word in 2.3.1 hieronder uiteengesit.

2.1.2 **Besonderhede van die FirstRand-verkope**

FirstRand sal, onderhewig aan die nakoming of tersydestelling, na gelang van die geval, van die opskortende voorwaardes wat in 3.2 hieronder uiteengesit word, 21 569 301 Discovery-aandele vir 'n totale kontantteenprestasie van R577.4 miljoen verkoop. Dit is gelyk aan 'n prys van R26.77 per Discovery-aandeel, wat die 10-dae volume geweegde gemiddelde prys ("VGGP") van die Discovery-aandele is wat tot en met sakesluiting op 10 September 2007 op die JSE Beperk ("JSE") verhandel is.

FirstRand, Discovery se senior bestuur, die Discovery-aandeletrust en RMBH het 'n ooreenkoms aangegaan ingevolge waarvan:

- Discovery se senior bestuur 15 062 820 Discovery-aandele van FirstRand, wat gelyk is 2.54% van Discovery, vir R403.2 miljoen sal verkry;
- die Discovery-aandeletrust 3 297 180 Discovery-aandele van FirstRand, wat gelyk is aan 0.56% van Discovery, vir R88.3 miljoen sal verkry; en
- RMBH 3 209 301 Discovery-aandele van FirstRand, wat gelyk is aan 0.54% van Discovery, vir R85.9 miljoen sal verkry.

Gevolglik sal Adrian Gore en Barry Swartzberg na die FirstRand-verkope saam 13.88% van Discovery besit, ander lede van Discovery se senior bestuur sal 3.58% van Discovery besit en die Discovery-aandeletrust sal 2.94% van Discovery besit. RMBH sal aanvanklik 0.54% van Discovery verkry ingevolge die FirstRand-verkope, maar RMBH sal, ingevolge die ontbondeling en na die RMBH-transaksies (wat in 2.2 en 2.3 hieronder verder bespreek word) sy aandeelhouding tot 25.01% van die totale uitgereikte aandelekapitaal van Discovery verhoog.

2.2 **Die ontbondeling**

2.2.1 **Beweegrede vir die ontbondeling**

FirstRand se strategie om twee versekeringsmaatskappye te besit, is aanhoudend deur die direksies van FirstRand, Discovery en Momentum Group Beperk ("Momentum") gemonitor. Hierdie strategie het aansienlike groei opgelewer en aandeelhouerswaarde geskep aangesien beide besighede daarin kon slaag om groei in markaandeel met toenemende vlakke van mededinging te balanseer.

Met Discovery se naderende bekendstelling van sy beleggingsbesigheid en Momentum se ambisies in die gesondheidsorgsektor, het die FirstRand-direksie egter besluit dat dit op hierdie tydstip geskik is om FirstRand se aandeelhouding in Discovery te ontbondel.

Die FirstRand-direksie is van mening dat die ontbondeling waarde vir FirstRand-aandeelhouers sal ontsluit deur onder andere:

- FirstRand-aandeelhouers 'n regstreekse aandeelhouding in Discovery te gee;
- die likiditeit en vrylik verhandelde aandele van Discovery-aandele op die JSE te verhoog; en
- die strategiese buigsaamheid van beide Discovery en Momentum te verhoog, om hulle in staat te stel om hulle onderskeie besigheidsdoelwitte na te streef.

2.2.2 **Besonderhede van die ontbondeling**

FirstRand sal, onderhewig aan die nakoming of tersydestelling, na gelang van die geval, van die opskortende voorwaardes wat in paragraaf 3.1 hieronder uiteengesit word, ter voldoening aan artikel 90 van die Maatskappywet, 1973 en ingevolge artikel 46 van die Inkomstebelastingwet, 1962, al sy oorblywende aandeelhouding in Discovery (wat, na die FirstRand-verkope, gelyk is aan 316 357 337 Discovery-aandele of 53.44% van die totale uitgereikte aandelekapitaal van Discovery) aan FirstRand-aandeelhouers uitkeer in verhouding tot sodanige FirstRand-aandeelhouers se aandeelhouding in FirstRand.

Ingevolge die ontbondeling kan FirstRand-aandeelhouers verwag om op die rekorddatum van die ontbondeling ongeveer 5.63 Discovery-aandele vir elke 100 FirstRand-aandele te kry.

verwantepartytransaksie vir FirstRand gekategoriseer word;

- sal die verkryging van Discovery-aandele deur die Discovery-aandeletrust van FirstRand ingevolge die FirstRand-verkope as 'n klein verwantepartytransaksie vir Discovery gekategoriseer word;
- sal die verkoop van Discovery-aandele deur die FirstRand-personeeltrusts aan RMBH ingevolge die RMBH-transaksies as 'n klein verwantepartytransaksie vir FirstRand gekategoriseer word; en
- sal die uitreiking van RMBH-aandele aan Remgro ter vereffening van die teenprestasie betaalbaar vir die Discovery-aandele wat ingevolge die RMBH-transaksies van Remgro verkry is, as 'n klein verwanteparty-transaksie vir RMBH gekategoriseer word,

(gesamentlik die "klein verwantepartytransaksies").

Gevolglik is FirstRand, Discovery en RMBH verplig om 'n onafhanklike professionele deskundige aan te stel om 'n billike en redelike mening aan die JSE te verskaf wat bevestig dat die bepalings en voorwaardes van die klein verwantepartytransaksies billik en redelik teenoor die aandeelhouers van onderskeidelik FirstRand, Discovery en RMBH is.

Besonderhede van die billike en redelike menings sal so gou doenlik na die publikasie van hierdie aankondiging deur FirstRand, Discovery en RMBH aangekondig word en die billike en redelike meningsverslag sal vir 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum waarop die aankondiging aangaande die billike en redelike menings op SENS vrygestel word ter insae beskikbaar wees by die geregistreerde kantore van FirstRand, Discovery en RMBH.

3. Opskortende voorwaardes van die voorgestelde transaksie

3.1 **Opskortende voorwaardes van die ontbondeling**

Die ontbondeling is onder andere daaraan onderhewig dat die volgende opskortende voorwaardes nagekom, of ter syde gestel word, na gelang van die geval:

- goedkeuring deur die FirstRand-aandeelhouers by 'n algemene vergadering van die implementering van die ontbondeling deur 'n gewone besluit;
- die implementering van die FirstRand-verkope;
- die bevestiging deur die onafhanklike professionele deskundige, waar verlang, aan die JSE dat die klein verwantepartytransaksies billik en redelik teenoor onderskeidelik die aandeelhouers van FirstRand, Discovery en RMBH is; en
- die goedkeuring van die Registrateur van Langtermynversekering ooreenkomstig artikel 26(2) van die Langtermynversekeringswet, 1998, vir RMBH om meer as 25.00% van die Discovery-aandele te verkry.

3.2 **Opskortende voorwaardes van die FirstRand-verkope en die RMBH-transaksies**

Die FirstRand-verkope en die RMBH-transaksies is onderhewig daaraan dat die volgende opskortende voorwaardes nagekom of ter syde gestel word, na gelang van die geval:

- goedkeuring deur die FirstRand-aandeelhouers in algemene vergadering van die implementering van die ontbondeling deur 'n gewone besluit; en
- die bevestiging deur die onafhanklike professionele deskundige, waar verlang, aan die JSE dat die klein verwantepartytransaksies billik en redelik teenoor onderskeidelik die gewone aandeelhouers van FirstRand, Discovery en RMBH is.

4. *Pro forma* finansiële uitwerking

4.1 ***Pro forma* finansiële uitwerking van die voorgestelde transaksies op FirstRand**

Die tabel hieronder is 'n opsomming van die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking van die voorgestelde transaksies op FirstRand gebaseer op die ongeouditeerde resultate van FirstRand vir die tydperk van ses maande geëindig 31 Desember 2006.

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking is die verantwoordelikheid van die FirstRand-direkteure en is vir slegs illustratiewe doeleindes opgestel om inligting te verskaf oor hoe die voorgestelde transaksies die finansiële posisie van FirstRand op die betrokke verslagdoeningsdatum kon geraak het. As gevolg van die aard daarvan, bied die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking moontlik nie 'n billike beeld van FirstRand se finansiële posisie na die implementering van die voorgestelde transaksie of van FirstRand se toekomstige verdienste nie.

Interpretasies en ontwikkelings in die toepassing van onlangs uitgereikte Standaarde. Om daardie rede is dit moontlik dat die finansiële impak en aanpassings wat hierbo aangegee word, kan verander voor die aanbieding van FirstRand Limited se resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2008.

4.2 ***Pro forma* finansiële uitwerking van die voorgestelde transaksies op RMBH**

Die tabel hieronder is 'n opsomming van die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking van die voorgestelde transaksies op RMBH gebaseer op die ongeouditeerde resultate van RMBH vir die tydperk van ses maande geëindig 31 Desember 2006.

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking is die verantwoordelikheid van die RMBH-direkteure en is vir slegs illustratiewe doeleindes opgestel om inligting te verskaf oor hoe die voorgestelde transaksies die finansiële posisie van RMBH op die betrokke verslag-doeningsdatum kon geraak het. As gevolg van die aard daarvan, bied die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking moontlik nie 'n billike beeld van RMBH se finansiële posisie na die implementering van die voorgestelde transaksie of van RMBH se toekomstige verdienste nie.

	Ongeouditeerde onaangepaste RMBH voor die voorgestelde transaksies (sent)	Ongeouditeerde onaangepaste RMBH *pro forma* na die voorgestelde transaksies (sent)	Ver-andering (%)
Verdienste per gewone aandeel	157.7	163.5	3.7
Volverwaterde verdienste per gewone aandeel	153.5	159.3	3.7
Wesensverdienste per gewone aandeel	134.8	133.0	(1.4)
Volverwaterde wesensverdienste per gewone aandeel	131.3	129.5	(1.3)
Genormaliseerde verdienste per gewone aandeel	155.1	153.1	(1.2)
Volverwaterde genormaliseerde verdienste per gewone aandeel	155.0	153.1	(1.2)
Netto batewaarde per gewone aandeel	1,235.7	1,283.4	3.9
Netto tasbare batewaarde per gewone aandeel	1,234.8	1,282.6	3.9

Aantekeninge:

1. Die *pro forma* finansiële uitwerking is gebaseer op ongeouditeerde tussentydse finansiële resultate van RMBH vir die ses maande geëindig 31 Desember 2006. Die finansiële impak op die verdienste van RMBH word geïllustreer asof die voorgestelde transaksies aan die begin van die 2007 finansiële jaar voltooi is, terwyl die impak op die netto bates van RMBH aangetoon word asof die voorgestelde transaksies op 31 Desember 2006 geïmplementeer is.
2. Dit is veronderstel dat RMBH in totaal 53.0 miljoen Discovery-aandele sal verkry vir 'n totale teenprestasie van R1 416 miljoen, met R693 miljoen in kontant vereffen en R723 miljoen vereffen deur die uitgifte van 21.3 miljoen nuwe RMBH-aandele teen 'n waarde van R33.94 per RMBH-aandeel.
3. Die kontantdeel van R693 miljoen is veronderstel gefinansier te word deur die uitgifte van voorkeuraandele met 'n koeponwaarde van 8.8% per jaar. 'n Verwante SDM-debiet is in die berekeninge ingesluit.
4. Die algemene veronderstellings in aantekening 3 onder paragraaf 4.1 hierbo is gebruik om die *pro forma* finansiële uitwerking op RMBH te bereken.
5. Die finansiële uitwerking wat hierbo uiteengesit is, is opgestel gebaseer op IFRS en interpretasies van IFRS van toepassing op 30 Junie 2007. Daar moet op gelet word dat IFRS steeds ontwikkel deur die uitreiking en/of endossement van nuwe Standaarde en Interpretasies en ontwikkelings in die toepassing van onlangs uitgereikte Standaarde. Om daardie rede is dit moontlik dat die finansiële impak en aanpassings wat hierbo aangegee word, kan verander voor die aanbieding van RMBH se resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2008.

4.3 ***Pro forma* finansiële uitwerking van die verkryging deur die Discovery-aandeletrust op Discovery**

Die voorgestelde transaksies sal nie 'n wesenlike finansiële impak op Discovery hê nie.

5. Uitwerking op SEB

FirstRand het 'n Swart Ekonomiese Bemagtigings("SEB")-transaksie geïmplementeer ingevolge waarvan die FirstRand Empowerment Trust ("FRET"), die FirstRand Black Employee Trust, die FirstRand Trust vir personeelbystand en die FirstRand Trust vir Swart Nie-uitvoerende beamptes (gesamentlik "die BEE Staff Trusts"), geskep is om ongeveer 535 miljoen FirstRand-aandele te hou tot voordeel van SEB-partye en swart werknemers van FirstRand. Na die ontbondeling, sal FRET steeds die Discovery-aandele hou wat na die ontbondeling ontvang is. Die SEB-personeeltrust sal die Discovery-aandele, na die ontbondeling, aan RMBH verkoop.

Dienooreenkomstig sal Discovery, na die ontbondeling, direkte SEB-besit van ongeveer 9.53% hê, wat gelykstaan aan ongeveer 10.36% van Discovery se Suid-Afrikaanse besighede.

vervolg

6. Aandeelhoudingstruktuur van Discovery

6.1 **Huidige aandeelhoudingstruktuur van Discovery**

Die onderstaande diagram illustreer die huidige aandeelhoudingstruktuur van Discovery voor die voorgestelde transaksies.



6.2 **Eindaandeelhoudingstruktuur van Discovery**

Die onderstaande diagram illustreer die aandeelhoudingstruktuur van Discovery onmiddellik na die voorgestelde transaksies.



7. Wesenlike datums en tye vir die ontbondeling

Die wesenlike datums en tye vir die ontbondeling word hieronder uiteengesit.

	2007
Pos omsendbrief aan FirstRand-aandeelhouers op of ongeveer	Maandag, 8 Oktober
Laaste dag vir die ontvangs van volmagvorms vir die algemene vergadering teen 10:00 op	Maandag, 22 Oktober
Algemene vergadering sal gehou word om 10:00	Woensdag, 24 Oktober
Uitslag van algemene vergadering op SENS vrygestel op	Woensdag, 24 Oktober
Uitslag van algemene vergadering in die pers gepubliseer op	Donderdag, 25 Oktober
Aankondiging van finaliseringsdatum en vrystelling van geregtigheidsverhouding op SENS teen nie later nie as	Vrydag, 26 Oktober
Laaste dag vir verhandeling van FirstRand-aandele op die JSE om deel te neem aan die ontbondeling op	Vrydag, 2 November
FirstRand-aandele verhandel sonder hul geregtigheid op Discovery-aandele ingevolge die ontbondeling op	Maandag, 5 November
Aankondiging van gespesifiseerde verhouding ten	

FirstRand-aandele verhandel sonder hul geregtigheid op Discovery-aandele ingevolge die ontbondeling op	Maandag, 5 November
Aankondiging van gespesifiseerde verhouding ten opsigte van die toedeling van die koste/basiskoste van Discovery vir belasting/KWB-doeleindes op of ongeveer	Woensdag, 7 November
Rekorddatum om deel te neem aan die ontbondeling op	Vrydag, 9 November
Ontbondelingsdatum op	Maandag, 12 November
Gedematerialiseerde FirstRand-aandeelhouers se rekeninge by hul SEBD of makelaar bygewerk met die Discovery-aandele ontvang ingevolge die ontbondeling op	Maandag, 12 November
Aandelesertifikate ten opsigte van die Discovery -aandele sal per geregistreerde pos gepos word, op risiko van die betrokke gesertifiseerde FirstRand-aandeelhouer, aan gesertifiseerde FirstRand-aandeelhouers op	Maandag, 12 November

Aantekeninge:

1. Hierdie datums en tye is onderworpe aan wysiging. Enige sodanige wysiging sal op SENS vrygestel en in die pers gepubliseer word. Enige verwysing na tyd is 'n verwysing na Suid-Afrikaanse tyd.
2. Geen dematerialisering of rematerialisering van FirstRand-aandele mag plaasvind na die laaste dag vir verhandeling ten einde deel te neem aan die ontbondeling nie.

8. Pos van FirstRand-omsendbrief en die algemene vergadering

'n Omsendbrief aan FirstRand-aandeelhouers wat inligting bevat oor die voorgestelde transaksies, asook 'n kennis van algemene vergadering, sal op of omtrent Maandag, 8 Oktober 2007 aan FirstRand-aandeelhouers gepos word.

'n Algemene vergadering van FirstRand-aandeelhouers, belê ingevolge die kennis van algemene vergadering, sal op Woensdag, 24 Oktober 2007 gehou word by FirstRand se geregistreerde kantoor, 4de Verdieping, Merchant Place 4, h.v. Fredman- en Rivoniaweg, Sandton, 2196, vir die oorweging, en indien goedgedunk, goedkeuring van die besluit wat vereis word om uitwerking te gee aan die ontbondeling.

9. Terugtrekking van FirstRand-omsigtigheidsaankondiging

Die FirstRand-omsigtigheidsaankondiging wat op 4 September 2007 op SENS vrygestel en op 5 September 2007 in die pers gepubliseer is, word hiermee teruggetrek. Gevolglik word nie langer van FirstRand-aandeelhouers vereis om omsigtig te wees in die verhandeling van hul FirstRand-aandele nie.

13 September 2007
Johannesburg

Aksepbank en borg vir FirstRand, RMBH en Remgro

RAND MERCHANT BANK
A division of FirstRand Bank Limited

Finansiële adviseur vir Discovery en transaksieborg vir Discovery en FirstRand

Deutsche Securities
Member of the Deutsche Bank Group

Regsadviseur vir Remgro

Hofmeyr
Hofmeyr Herbstein & Gihwala Inc.
(Registrasienommer 1997/001523/21)

Regsadviseur vir Discovery

edward nathan sonnenbergs

Regsadviseur vir FirstRand en RMBH

Webber Wentzel Bowens

Borg vir Discovery

RAND MERCHANT BANK
A division of FirstRand Bank Limited